**Moenie bang wees nie! Staan stil en aanskou die verlossing van die Here!**

**Eks 13:17-14:31**

**7 April 2024**

1. Vantevore: Instelling van pasga geskied tydens 10de plaag. Bloed van die paaslam bewaar die volk teen die oordeel van die Here. Paaslam is OT tipe van die Here Jesus. Om paaslam te slag, bloed te smeer, dit te eet was 'n geloofsdaad – prentjie van regverdigmaking deur geloof. Om ongesuurde brood te eet tydens pasga en tydens trek uit Egipte – prentjie van heiligmaking.
2. Die redelikheid van geloof
    a. Geloof ≠ wensdenkery, hoop vir die beste, positiewe denke
    b. Geloof = objektiewe kennis + subjektiewe vertroue
        - Objektiewe kennis van die Here se openbaring / Woord / verbondsbeloftes
        - Subjektiewe vertroue in aanbidding van die Here (vgl Eks 4:30-31)
3. Hoe moet 'n gelowige optree as omstandighede hopeloos is?
    a. Aanvanklik gaan dit goed: slawerny is verby, op pad beloofde land toe, Here is teenwoordig (Eks 13:21-22) – maar dan kom 'n toets
    b. Toets: nie direkte roete nie (Eks 14:2), kamp teen Rietsee, Egiptenare agtervolg hulle (Eks 14:3, 5-9) – situasie is hopeloos
    c. Toets: Beide objektiewe en subjektiewe elemente van geloof word getoets
    d. Respons van die volk: Staar blind teen sigbare omstandighede (Eks 14:10), hulle bid, maar beskuldig Moses en die Here (Eks 14:11-12) – hulle objektiewe en subjektiewe geloof wankel
    e. Respons van Moses: Moenie bang wees nie, staan stil, aanskou die verlossing van die Here (Eks 14:13) – beide objektiewe en subjektiewe geloof staan stewig
    f. Doel van die Here met die toets:
        - Die Naam van die Here moet verheerlik word
            - Agting vir die Here ontstaan by die farao en Egiptenare (Eks 14:4,17-18, 25)
            - Oorwinningslied van Moses en die volk (Eks 15:10-13, vgl Op 19:1-3,6-8)
        - Bewerk goeie uitkoms vir Sy volk: Hulle moet groei in geloof, deur:
            - Te leer om te bid vir vervulling van die Here se beloftes
            - Raak te sien die beskermende teenwoordigheid van die Here is altyd by Sy kinders (Eks 14:19-20)
            - Te glo die Here sal wel verlos – al moet dit bonatuurlik realiseer (Eks 14:21-23)
            - Te verstaan die Here gebruik dit om geloof verder te laat groei (Eks 14:31, vgl Jak 1:1)
            - Te onthou daar is steeds stryd tussen nageslag van die vrou en nageslag van die slang (Gen 3:15, Op 12:13-14)
4. Samevatting
    a. Díe verlossing wat die Here bewerk = om Sy kinders in heerlikheid te bring
        - Dis hoe Sy Naam verheerlik word
        - Dis tot voordeel van Sy kinders